The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, (See Clause 5 Terms & Conditions) without prior permission of the original publisher.

Ornico
KNOW HOW. TO GROW

BEELD **2012/02/21** **Page: 2**

AVE: R 15789.65

Pta net 'n wit buurt – premier

Hoofstad is dalk gou 'Tshwane'

Maryna Lamprecht

Teen einde vanjaar sal Suid-Afrika se hoofstad amptelik Tshwane wees as die regering sy sin kry.

Me. Nomvula Mokonyane, Gautengse premier, het gister tydens haar provinsiale rede by die Universiteit van Pretoria se Mamelodi-kampus gesê dit is hoog tyd dat die "onsekerheid" oor die pleknaam Tshwane uitgeklaar word.

"Dit moet dringend gefinaliseer word. Pretoria is net 'n wit woonbuurt, dit is 'n ander plek as Tshwane," het sy ná afloop van haar toespraak gesê.

Mnr. Paul Mashatile, minister van kuns en kultuur, het aan *Beeld* gesê Pretoria is 'n woonbuurt van Tshwane net soos Sandton 'n woonbuurt van Johannesburg is. "Daar is nie meer 'n stad genaamd Pretoria nie. Dit is nou net 'n woonbuurt en dié kwessie is reeds lankal uitgeklaar. Die metro is ook Tshwane. Daar is geen verwarring nie."

Die ANC wil hê die stad Tshwane moet voor die einde van die jaar amptelik as die land se hoofstad verklaar word.

"Ons wil egter nie met die kwessie na die *Staatskoerant* toe jaag nie, ons wil dit eers uitklaar met die partye wat by die dispuut betrokke is.

"Wetgewing vereis konsultasie oor die saak en die stad Tshwane moet eers vergaderings reël, waarmee hulle reeds besig is, om met die mense te raadpleeg. Hulle moet die kwessie met AfriForum, die ANC en ander belanghebbendes bespreek sodat niemand ná die tyd kan hof toe gaan en sê hulle is nie oor die saak geraadpleeg nie. Ons moet die kwessie nou uitklaar, maar daar is geen kortpaaie nie."

Mnr. Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum, was gister verbaas oor dié uitlatings. "As dit so was dat Pretoria nie meer die stad se naam is nie, hoekom wil hulle dan uitsluitsel hê voor die einde van die jaar? Daar is in verskeie forums reeds beslis die stad se naam is Pretoria en nie Tshwane nie."

Die Gesagsowerheid vir Reklamestandaarde van Suid-Afrika (GRS) het in 2007 bevind Pretoria en nié Tshwane nie, is die land se hoofstad.

In Augustus dieselfde jaar het die hooggeregshof in Pretoria 'n dringende interdik aan die VF+ en AfriForum toegestaan wat die metroraad verbied het om Pretoria-naamborde met "Tshwane" te vervang.

In 2009 het die Uitsaaiklagtekommissie van Suid-Afrika beslis die SAUK oortree sy uitsaaikode deur in sy TV-nuus na Tshwane en nié Pretoria nie, te verwys.

"Ons regspan het op drie forums geslaag en daarom is dit vergesog van die minister of die premier om nou anders te wil kom aanvoer.

"Sou daar enige naamsverandering wees, is ons regspan gereed om dit in die hof te beveg."

Mashatile het gesê hy is bewus van teenkanting van onder meer AfriForum. "Ek gaan 'n vergadering reël om al die belanghebbendes bymekaar te kry sodat ons daaroor kan praat, maar die besluit berus by die nasionale regering."